# KONSEPREGULASIES VIR DOKTORSGRADE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

*Hierdie reglement moet gelees word in samehang met die 2026 US Jaarboek se inskrywing oor "DOKTORSGRADE" by punt 6 (op bladsye 68 tot 84).*

1. Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bied **twee soorte** doktorsgrade aan:
   1.1 'n PhD gebaseer op oorspronklike navorsing aangebied as 'n proefskrif. Dié PhD is die algemeenste doktorale studie in die Fakulteit en kan in drie formate aangebied word:
      1.1.1 'n Proefskrif in die tradisionele/monograaf formaat van 'n geskrewe dokument wat oorspronklike navorsing dokumenteer, en handel oor een spesifieke onderwerp of sentrale tema.
      1.1.2 'n Proefskrif waarin die teoretiese komponent met kreatiewe werk geïntegreer word (eie aan die Kunste- en Taalomgewings).
      1.1.3 'n Proefskrif hoofsaaklik bestaande uit 'n versameling vakwetenskaplike artikels.

   1.2 'n DPhil, of senior doktorsgraad, gebaseer op 'n versameling publikasies van hoë gehalte wat oor 'n lang tydperk op 'n spesifieke tema of terrein gelewer is. 'n DPhil kan ook ander navorsingsuitsette insluit wat geproduseer is vóór registrasie vir die doktorale studie.

2. Alle doktorale voorstelle, ongeag die soort of formaat, volg dieselfde goedkeuringsproses in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

3. Alle doktorsgrade, ongeag die soort of formaat, word ten opsigte van alle bestaande prosedures, vereistes en voorskrifte vir D-grade eenvormig hanteer, tensy spesifiek anders vermeld.

4. **Riglyne vir die tradisionele/monograaf formaat:**
   Die tradisionele/monograaf formaat (soos beskryf in 1.1.1) verwys na 'n verslag van navorsing oor een sentrale en samehangende navorsingsvraagstuk wat as 'n enkele en gehele werk geëksamineer word.
   4.1 Die tradisionele/gebruiklike proefskrif moet 'n vooraf goedgekeurde, beplande projek wees. In samewerking met hul promotor(s), moet kandidate 'n navorsingsvoorstel volgens die voorgeskrewe **Fakulteitsriglyne vir tradisionele monograafproefskrifte** voorberei en indien. Die navorsingsvoorstel moet die toelatingskomitee oortuig dat die studie akademiese meriete het, prakties uitvoerbaar is en uiteindelik as 'n proefskrif eksamineer kan word.
   4.2 Slegs werk wat ná die registrasiedatum van die doktorale kandidaat geproduseer is, is vir die doeleindes van hierdie formaat toelaatbaar.
   4.3 Eksaminatore lewer 'n skriftelike verslag ('n onafhanklike evaluering van die proefskrif) volgens 'n stel algemene assesseringskriteria en moet kommentaar lewer oor die geskiktheid van die proefskrif, of gedeeltes daarvan, vir publikasie.

5. **Riglyne vir die geïntegreerde Kunste-gebaseerde formaat:**
   Die geïntegreerde formaat (soos beskryf in 1.1.2) sluit kreatiewe werk wat in die doktorale navorsing geïntegreer word in. Die kreatiewe werk kan tentoonstelling(s), installasie(s),

komposisie(s), uitvoering(s), portefeulje, literêre werk(e), vertaling(s) en/of enige ander vorm van kreatiewe werk, wat as sodanig deur die Fakulteit erken word, insluit. Deur geïntegreerde kreatiewe-kritiese navorsing te erken, beoog die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe om vakkundigheid wat oorspronklike, onafhanklike artistieke navorsing integreer te bevorder.

5.1 ’n Geïntegreerde doktorale studie moet ’n vooraf goedgekeurde, beplande projek wees. In samewerking met hul promotor(s), moet kandidate ’n navorsingsvoorstel volgens die voorgeskrewe **Fakulteitsriglyne vir geïntegreerde proefskrifte** voorberei en indien. Die toelatingskomitee sal in ag neem dat die navorsingsontwerp en uitkomste buigbaar en potensieel uniek tot elke studie is. Daarbenewens kan ’n individuele projek van ’n navorsingsontwerp afhang wat ontvou namate die studie vorder. Die navorsingsvoorstel moet die toelatingskomitee oortuig dat die studie akademiese meriete het, prakties uitvoerbaar is en uiteindelik as ’n proefskrif eksamineer kan word.

5.2 Slegs kreatiewe werk wat ná die registrasiedatum van die doktorale kandidaat geproduseer is, is vir die doeleindes van hierdie formaat toelaatbaar. In uitsonderlike gevalle kan ’n klein hoeveelheid kreatiewe werk wat voor die registrasiedatum geproduseer is oorweeg word, mits dit in die navorsingsvoorstel gemotiveer word. Sodanige versoek moer deur die toelatingskomitee ondersteun word en deur die Komitee vir Hoër Grade en Navorsing goedgekeur word.

5.3 In terme van eksaminering, word die navorsingsprojek wat kreatiewe sowel as wetenskaplike werk integreer as ’n geheel eksamineer. Die studie behoort dus te bewys dat konseptuele sowel as kreatiewe werk in die voorlegging geïntegreer is. Eksaminatore behoort toegang te verkry tot die kreatiewe sowel as die konseptuele komponente wat die sodanige integrasie bewys. Deur die hele projek in ag te neem, sal die eksaminatore evalueer of die kandidaat se werk onafhanklike navorsing op doktorale vlak getoon het. Hulle sal hul bevindings in hul eksamineringsverslae lewer.

**6. Riglyne vir die publikasie-formaat:**

’n Proefskrif wat grotendeels bestaan uit ’n versameling vakwetenskaplike artikels (soos beskryf in 1.1.3) behoort ’n sentrale fokus en samehang te hê; die nodige akademiese styl, konsekwente formatering, wetenskaplike inhoud en koherensie te vertoon; en oor ’n bevredigende algemene inleiding (wat ’n literatuurstudie insluit), probleemstelling sowel as ’n finale evaluerende hoofstuk te beskik.

6.1 Die proefskrif wat bestaan uit ’n versameling vakwetenskaplike artikels moet ’n vooraf goedgekeurde, beplande projek wees. In samewerking met hul promotor(s), moet kandidate ’n navorsingsvoorstel volgens die voorgeskrewe **Fakulteitsriglyne vir proefskrifte per publikasie** voorberei en indien. Die navorsingsvoorstel moet die toelatingskomitee oortuig dat die studie akademiese meriete het, prakties uitvoerbaar is en uiteindelik as ’n proefskrif eksamineer kan word.

6.2 Die eksaminatore bepaal of die ingeslote artikels aanvaarbaar is vir ’n proefskrif ongeag watter akademiese tydskrifte/joernale dit gepubliseer het, dit vir publikasie aanvaar het, of vir moontlike publikasie oorweeg. In hulle beoordeling moet die eksaminatore primêr bepaal of die materiaal wat aangebied is aan doktorale standaard voldoen, en nie of dit publiseerbaar is nie.

6.3 Benewens 'n inleidende en slothoofstuk word 'n minimum van drie artikels in 'n proefskrif vereis wat bestaan uit 'n versameling vakwetenskaplike artikels.[1]

6.4 Hoewel gepubliseerde sowel as ongepubliseerde artikels in die proefskrif opgeneem kan word, moet by voorkeur gestreef word na die insluiting van reeds gepubliseerde artikels, artikels in druk of artikels wat reeds vir publikasie aanvaar is. Ongeag wat die publikasie-status van die ingeslote artikels is, is slegs artikels wat ná die registrasiedatum van die doktorale kandidaat geskryf is, vir die doeleindes van hierdie formaat toelaatbaar.

6.5 Slegs publikasies waarvan die kandidaat die enigste of eerste outeur of die primêre navorser[2] is, mag ingesluit word. Rapportering van outeurskap van artikels wat in die proefskrif opgeneem word, moet geskied volgens die voorskrifte soos vervat in **US Jaarboek 2026** Deel 1, 6.11.26 (bladsye 78 en 79).

6.6 Die templaatvereistes vir die proefskrifformaat wat bestaan uit 'n versameling vakwetenskaplike artikels is vervat in die **US Jaarboek 2026** Deel 1, 6.11.5.2, vir die geïntegreerde Kunste-gebaseerde formaat, in 6.11.5.3 en in geval van die senior doktorsgraad, in 6.11.5.4.

6.7 Artikels word in die proefskrif opgeneem in dieselfde styl as wat dit vir publikasie aangebied word/is. Artikels wat as "hoofstukke" aangebied word, moet egter van 'n kort voorwoord voorsien word waarin die fokus van die artikel, bydrae tot die doelwitte van die proefskrif, die kandidaat se bydrae en die publikasie-status van die artikel kortliks aangedui word.

## 7. Die senior/tweede doktorsgraad

Die DPhil (soos beskryf in 1.2) is 'n prestige graad waarin 'n versameling publikasies in 'n proefskrif opgeneem en as 'n koherente eenheid aangebied word. Dit word toegeken as erkenning van besondere navorsing, aan 'n senior akademikus wat reeds vroeër in sy/haar loopbaan 'n PhD verwerf het ('n PhD is dus 'n minimum toelatingsvereiste vir die senior doktorsgraad).

7.1 Die senior doktorsgraad moet onderskei word van die ere-doktorsgraad (wat 'n DPhil is). In die geval van die senior doktorsgraad geld die normale prosedures: 'n kandidaat skryf in met 'n navorsingsvoorstel wat deur 'n toelatingskomiteegoedgekeur word (wat nie uitsluit dat 'n persoon aangemoedig kan word om in te skryf nie; maar daar is nie 'n nominasieproses nie); 'n promotor word op die normalewyse benoem; die kandidaat moet ingeskryf wees vir die minimum tydperk van 2 jaar; die normale prosedures vir eksaminering geld.

7.2 Anders as met die PhD wat bestaan uit 'n versameling vakwetenskaplike artikels, waar slegs artikels gebruik word wat geskryf is nádat die student vir die betrokke graad ingeskryf

[1] Hoewel 'n proefskrif net uit drie artikels kan bestaan impliseer dit nie dat die proefskrif noodwendig uit nét drie artikels sal bestaan nie. Benewens die inleiding en slot/samevatting sal 'n proefskrif wat drie artikels bevat, nog een of meer tradisionele hoofstukke kan bevat. Net so sou die proefskrif bv. vyf artikels kon bevat met 'n inleiding en slot/samevatting, maar geen tradisionele hoofstukke nie.

[2] Die volgende oorwegings geld in dié verband: Het die kandidaat deur sy/haar bydrae die nodige intellektuele leierskap/dryfkrag gedemonstreer? Het sy/haar insette in die proses `n voldoende bydrae tot die skep van nuwe kennis gelewer om vir 'n PhD te kwalifiseer? Die oordeel hieroor berus volgens bogenoemde **US Jaarboek** voorskrifte by die promotor en die kandidaat se mede-outeurs/kreatiewe medewerkers en word skriftelik bevestig.

het, word ’n bundel verbandhoudende publikasies, wat oor ’n aantaljare gepubliseer is, by die senior doktorsgraad voorgelê. Die senior doktorsgraad is egter nie net ’n bundel publikasies wat lukraak bymekaar gesit word nie. Dit moet voorsien word van ’n inleiding (met die normale elemente wat in ’n inleiding voorkom, insluitende probleemstelling, doel, metodologie, ens.) en ook van ’n samevatting wat die resultate uiteensit, en wat die bydrae van die proefskrif beskryf. Die proefskrif vir die senior doktorsgraad word as geheel, as enkele werk oor ’n spesifieke tema of terrein, geëksamineer. Die graad sal slegs toegeken word indiendit aan bogenoemde vereistes voldoen, selfs indien die publikasies reeds deur 'n proses van eweknie-evaluering is.

7.3 Benewens die meer tradisionele navorsingsuitsette (artikels, boeke, ens.) geld die senior doktorsgraad ook ten opsigte van kreatiewe uitsette (sien 2.2 hierbo). In so’n geval sal dieselfde vereistes geld as vir die formaat waar die doktorsgraad uit ’n teoretiese en kreatiewe/praktiese komponent bestaan, behalwe dat dit kreatiewe werk “oor ’n leeftyd of `n loopbaan” kan insluit en nie net werk wat ontstaan het tydens die periode nadat die kandidaat vir die doktorsgraad geregistreer het nie.

8. Indien die kandidaat (en/of promotor) deur die loop van die doktorale studie besluit om die formaat van die doktorale studie te verander, moet die hersiene navorsingsvoorstel retrospektief deur ’n Toelatingskomitee goedgekeur word. In sodanige geval moet die kandidaat volgens die voorgeskrewe **Fakulteitsriglyne vir doktorale voorstelle vir proefskrifte** van ’n bepaalde formaat ’n hersiene navorsingsvoorstel indien. Dit word dan opnuut deur die oorspronklike toelatingskomitee beoordeel en goedgekeur. Sodanige retrospektiewe goedkeuring mag nie later as die einde van die eerste jaar van registrasie as doktorale kandidaat plaasvind nie en volg die normale proses/roete van goedkeuring van nuwe doktorale voorstelle.

9. ’n Mondelinge eksamen vorm ’n addisionele deel van die assesseringsproses vir alle doktorale studies, ongeag die soort of formaat, in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

10. Die eksaminatore berus op die finale besluit oor die akademiese verdienste en aanvaarbaarheid van die verhandeling, ongeag die soort of formaat. Die eksamineringsproses en verslae is egter onderhewig aan beoordeling deur die Fakulteit se Komitee vir Hoër Grade en Navorsing en bekragtiging deur die Fakulteitsraad en die Senaat voordat die graad toegeken kan word.